

**Woensdag 19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Markus 10:46-52**

**Fokusgedeelte: Markus 10:46-52**

**By Bartimeus leer ons geloof**

Wat leer ons by Bartimeus? In die eerste plek: geloof is onlosmaaklik verbind aan Jesus Christus. Bartimeus hoor dat Jesus van Nasaret op pad is. Hy weet meer as wat hy hoor. Hy weet hierdie Jesus is nie net 'n besoeker vanaf Nasaret nie. Nee! Dis die Seun van Dawid, die Messias, na wie die volk Israel al so lank al uitsien.

Ons leer by Bartimeus dat geloof is om te roep. Elkeen wat die Here Jesus aanroep, sal gered word. Al maak die mense hom stil, die gelowige bly roep, want hy weet: die genade is ook vir my.

Geloof is om te ontvang. Bartimeus kry soveel meer as wat hy vra. Dit is die verrassing vir elke gelowige. God gee altyd meer. Hy vra genesing. Hy ontvang verlossing. Jesus sê nie vir hom "jou geloof het jou genees" nie. Nee Jesus sê "jou geloof het jou gered".

Jesus maak nie net sy oë oop nie. Jesus maak sy lewe oop. As bedelaar was Bartimeus se wêreldjie bitter klein. Geloof is om uit jou klein beperkte wêreldjie uit te stap, die wye koninkryk van God in. Dat hy kan sien, is wonderlik, maar meer nog, heel eerste sien Hy vir Jesus. Sy nuwe lewe begin.

Geloof is om Jesus te volg. Die blinde Bartimeus het by die poort van Jerigo gesit. Die siende Bartimeus loop. Hy volg Jesus. En Jesus is op pad na sy kruis op Golgota. Dit is veral wat geloof is: om te kom by die kruis op Golgota.

Eers wanneer jy Golgota skerp sien, sien jy werklik. Wanneer jy sien: Jesus het kom genees, maar Hy het veral kom verlos. Hy het ook vir jou kom verlos uit die straf en die greep van sonde.

*Sing: Psalm 90-1:9*

*Ds D van't Zand (Dirk) (emeritus)*